UNIVERSITY EXAMINATIONS | UNIVERSITEITSEKSAMENS

UNISA university of south africa

# AFK2602

Oktober/November 2017

## AFRIKAANSE GRAMMATIKA

Tydsduur : 2 Uur | 100 Punte

**EKSAMINATORE :**

| | | |
|---|---|---|
| EERSTE : | MNR FWJ BROODRYK<br>MEV L GRUNDLINGH | MEV A ENGELBRECHT |
| TWEEDE : | DR E LOMBARD | |

**Toeboekeksamen.**

**Hierdie eksamenvraestel bly die eiendom van die Universiteit van Suid-Afrika en mag nie uit die eksamenlokaal verwyder word nie.**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

**IN HIERDIE AFDELING IS DAAR VYF (5) VRAE GESTEL. JY MOET ENIGE VIER (4) VRAE BEANTWOORD. DIE VRAE IS GELYKWAARDIG (25).**

**NOMMER ASSEBLIEF ELKE VRAAG EN ONDERAFDELING DUIDELIK EN KORREK.**



Open Rubric

**VRAAG 1: FONETIEK EN FONOLOGIE**

1.1 Noem en bespreek kortliks drie (3) belangrike verskille tussen die ortografie vir Afrikaans en die fonetiese transkripsie. (3)

1.2 Verduidelik kortliks wat jy onder *primêre* en *sekondêre vorm* verstaan. Verduidelik aan die hand van ’n geskikte voorbeelde. (4)

1.3 Verduidelik kortliks wat jy onder *vokaalverlaging* verstaan. Verduidelik aan die hand van ’n geskikte voorbeeld. (2)

1.4 Kies telkens die regte antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer, byvoorbeeld: *1.1 diftong*. (6)

1.4.1 Die klankverskynsel (assimilasie / assibilasie / alliterasie / ontronding) vind plaas as *muis* [moeys] as *mys* [mais] uitgespreek word.
1.4.2 ’n Voorbeeld van ’n diftong kom voor in die woord (*dans* / *sout* / *seer* / sê).
1.4.3 Die [e] is ’n (ongeronde hoë voorvokaal / geronde hoë voorvokaal / ongeronde middelhoë voorvokaal / geronde middelhoë voorvokaal).
1.4.4 Die [p] is ’n voorbeeld van ’n (glyer / frikatief / eksplosief / lateraal).
1.4.5 Die spesifieke taalgebruik van die individu staan as ’n (tsotsitaal / standaardtaal / idiolek / verklikker) bekend.
1.4.6 Die uitspreek van *salaris* [salarəs] as *silaris* [səlarəs] staan as (vokaalreduksie / assimilasie / vokaalverlaging / vokaalverhoging / resonering) bekend.

1.5 Transkribeer die volgende teks foneties. (10)

*KLIPKOPPIE*

*“Toe sê sy: - Maak nou almal julle oë oop.-*
*En in ’n wêreld, vloeiend en aaneengeloop,*
*Kyk strak gesigte, party ovaal omhoog,*
*Ander met ’n haaslip, ander met hol oog,*
*en op kort skilpadpootjies skuif hule nader*
*en hoor toe vir die eerste keer van hulle Vader.”*

D.J. Opperman

**[25]**

**VRAAG 2: MORFOLOGIE**

2.1 Dui aan of die gegewe woord ’n simpleks of ’n kompleks is: (5)

2.1.1 Lamppaal
2.1.2 Krokodil
2.1.3 Woordeboek
2.1.4 Pil
2.1.5 Verweer

2.2 Definieer die volgende terme en verskaf ’n voorbeeld van elk: (10)

2.2.1 Prefiks
2.2.2 Suffiks
2.2.3 Vrye stam
2.2.4 Verbindingsklank
2.2.5 Samestelling

2.3 Wat is die verskil tussen ’n morfeem en ’n lettergreep? Verduidelik aan die hand van ’n geskikte voorbeeld. (3)

2.4 Gee die funksie en betekenis van die volgende morfeme (byvoorbeeld “-agtig”: Funksie – adjektiveerder; betekenis – “soos ’n”): (4x½= 2)

1.4.1 “her-“
1.4.2 “-loos”

2.5 Ontleed die woord “onbeplande” volgens die boomdiagram-metode. (5)
**[25]**

**VRAAG 3: SINTAKSIS**

3.1 Benoem die onderstreepte woorde so volledig moontlik na hulle hoofwoordkategorie (woordsoort). (5)

Dit is <u>die omvattende skema vir julle</u>.

3.2 Gee die ontkenningsvorm van die volgende sin: (2)

Ek het iemand wat my help.

3.3 Benoem die volgende sin na sy sinstipe (sinsoort). (1)

Gaan sit, asseblief.

3.4 Benoem die onderstreepte sinstukke na hulle vorm/binnebou en funksie/buitebou: (5)

3.4.1 <u>’n Bord pampoensop</u> is heerlik in die winter.
3.4.2 ’n Sny brood met konfyt is <u>baie lekker</u>.
3.4.3 Ek sien jou <u>na skool</u>.
3.4.4 <u>Smiddae</u> is dit baie warm.
3.4.5 Gee haar <u>’n drukkie</u>.

3.5 Wat is die werkwoordstukkern (WSK) van die volgende sin? (2)

Hy sou die werk kon doen.

3.6 Vertoon die volgende saamgestelde sin ’n onderskikkende of ’n neweskikkende konstruksie? (2)

Hy is hier en sy is hier.

3.7 Identifiseer die bysinne in die onderstaande sinne en benoem elkeen na die vorm/binnebou (bv. volle bysin of infinitiefsin) en na die funksie/buitebou (bv. onderwerpsin of predikaatsin) daarvan. (8)

3.7.1 Dat sy die wedstryd sal wen, is nie te betwyfel nie.
3.7.2 Ek hoop dat hulle môre sal opdaag.
3.7.3 Die kinders hou daarvan om saans te leer.
3.7.4 Dit blyk toe dat hy glad nie daar was nie.

**LET WEL: Sluit asseblief die bysin in jou antwoord in. Sonder die bysin verloor jy die helfte van die punt(e).**

**[25]**

**VRAAG 4: SEMANTIEK**

4.1 Skryf vervolgens slegs die korrekte antwoord neer. (5)

4.1.1 Betekenis is ...

4.1.1a arbitrêr.
4.1.1b onanaliseerbaar.
4.1.1c subjektief.
4.1.1d absoluut.

4.1.2 Denotasie is nie ... nie.

4.1.2a belangrik
4.1.2b objektief
4.1.2c konteksgebonde
4.1.2d talig

4.1.3 Een van die kenmerke van betekenis is dat dit ... van aard is.

4.1.3a ongeldig
4.1.3b sistematies
4.1.3c krities
4.1.3d simbolies

4.1.4 ’n Sinoniem is ’n woord wat ... as ’n ander woord.

4.1.4a presies dieselfde beteken
4.1.4b anders is
4.1.4c min of meer dieselfde beteken
4.1.4d minder gradeerbaar is

4.1.5 Homonieme kan in twee vorme verdeel word: ... en ...

4.1.5a hiponieme en homograwe.
4.1.5b homofone en homograwe.
4.1.5c hiponieme en hipernieme.
4.1.5d hipernieme en homofone.

4.2 Illustreer die verskil tussen *denotasie* en *konnotasi*e deur die volgende tabel oor te teken en in te vul: (5)

| **Woord** | **Denotasie** | **Konnotasie** |
|---|---|---|
| hond | | |
| appel | | |
| boek | | |
| pizza | | |
| berg | | |

4.3 Verduidelik en onderskei.

4.3.1 Verduidelik in jou eie woorde die verskil tussen *polisemie* en *homonimie*. (3)

4.3.2 Onderskei tussen die twee tipes antonieme en verskaf geskikte voorbeelde van elk. (4x½ =2)

4.4 Stel ’n boomdiagram op vir “piesang” om sy hiponiemstruktuur aan te dui. Bepaal self of die betrokke woord ’n superordinaat of ’n superordinaat is. (5)

4.5 Stel ’n kategorie op vir groentesoorte. Rangskik die kategorielede van prototipe tot periferie. Motiveer jou keuse vir ’n prototipe deur ’n sin of twee oor jou lys te skryf. (5)
**[25]**

**VRAAG 5: SKRYFVAARDIGHEDE**

5.1 Vul die ontbrekende woorde in. Skryf slegs die vraagnommer en die ontbrekende woord neer. (5)

5.1.1 Wanneer jy ’n formele brief aan ’n onbekende persoon skryf, is dit gebruiklik om die hoflikheidsvorm ... te gebruik om die persoon aan te spreek.
5.1.2 Die woord ... verwys na etiket op die internet.
5.1.3 ’n Formele brief staan ook as ’n ... bekend.
5.1.4 Wanneer ’n skrywer met bepaalde woorde in ’n sin terugverwys na voorheen genoemde verskynsels, of vooruit verwys na verskynsels wat nog geïdentifiseer moet word, kom referensiële samehang, oftewel ... in ’n teks tot stand.
5.1.5 ’n ... is ’n navorsingsteks wat ’n mens tydens jou magisterstudie skryf.

5.2 Piet Du Toit en Wanda Smith (2015) onderskei in hulle *Stylboek: riglyne vir paslik skryf* sewe stadiums in die navorsingsproses. Noem vyf van die sewe. (5)

5.3 Skryf ʼn formele brief.

Jy het onlangs jou motor laat versien. Behalwe vir die gewone dinge waarna daar gekyk word wanneer ʼn motor versien word, het jy gevra dat hulle jou motor se lugdraad moet vervang nadat hy onlangs geknak het toe hy aan jou motorhuis se deur vasgehaak het. Jy het ook vooraf gereël dat jou motor om 15:00 gereed moet wees omdat jy ʼn belangrike vergadering om 16:00 moet bywoon.

Skryf nou ʼn formele brief aan die bestuurder, mnr. Sarel van der Merwe, van *Die kuipe* (die besigheid waar jy jou motor laat versien het), waarin jy jou misnoeë uitspreek oor die swak diens wat hulle gelewer het. Jy het jou motor eers om 15:50 teruggekry wat veroorsaak het dat jy nie jou belangrike vergadering kon bywoon nie. Hulle het vergeet om die lugdraad te vervang; nou moet jy jou motor weer op ʼn ander dag bring. Jy het die motor ook baie vuil teruggekry – daar was olie-handmerke regoor die enjinkap en deure.

Onthou om die nodige aandag aan die formaat (struktuur) van jou brief te skenk. Die adres van *Die kuipe* is: Deltastraat 307; Pretoria; 0002.

Jou antwoord moet aan die volgende vereistes voldoen:

| | | |
|---|---|---|
| **Struktuur**: | Uiterlike struktuurmerkers soos die adres van die sender, *Die kuipe* se adres, die aanhef, die onderwerp, en die slot word alles op die regte plekke gebruik. | **5** |
| **Inhoud:** | Die brief moet logies en oortuigend wees. Al die nodige inligting word oorgedra sodat jou ongelukkigheid duidelik blyk. | **5** |
| **Taalgebruik:** | Jou taalgebruik, sinsbou, spelling en punktuasie is keurig. | **5** |
| **Totaal:** | | **15** |

**LET WEL: Lengtebeperking: 1 bladsy.**

**[25]**
**TOTAAL [100]**

**©**
**Unisa 2017**